

Die genadeverbond met Adam (3)

Gen 3:22-24

14 Mei 2023

1. Vantevore: Die Here God stel vyandskap tussen Eva en duiwel se nageslag, Een uit haar nageslag sal duiwel oorwin. Eva sal steeds swangerskappe hê, maar dit sal swaar wees, en sy sal na haar man begeer. Adam sal steeds die aarde onderwerp, maar dit sal swaar wees en hy gaan (ook) fisies sterf. Adam hou aan belofte van lewe vas, en noem sy vrou Eva. Die Here God voorsien velklere en trek dit vir die mens aan.
2. Die Here God het die mens uit die tuin van Eden weggestuur (Gen 3:22-24)
 - a. Die mens het soos een van Ons geword (v22)
 - Was deel van argument van die duiwel (Gen 3:5)
 - God beskik oor alle kennis, mens het ervaringskennis van God se goedheid, en nou ook van kwaaddoen
 - b. Die mens moet nie van die boom van die lewe eet en ewig lewe nie (v22)
 - As hulle nie gesondig het nie, wel van die boom van die lewe geëet het, sou hulle ewig gelewe het, terwyl hulle gemeenskap met God sou hê
 - Ewige lewe is om die ware God te ken (Joh 17:3, vgl Gen 3:8)
 - Hulle het egter wel gesondig, en gaan sterf
 - Dood word vir die gelowige die bevryding van sy gevalle staat
 - Daarom voorkom die Here God dat hulle nie sal sterf nie
 - Na hulle sterwe sal gelowiges weer toegang tot die boom hê (Op 22:1-2)
 - c. Die mens word uit tuin gestuur, gerubs bewaak toegang tot boom van lewe (v23-24)
 - Gerub is senior engel wat God se heerlijkheid beskerm (Eseg 1:5, 10:15 en 19, Op 4, Eks 36:35, 37:7-9)
 - Tuin was ekwivalent aan die Heilige van tabernakel – die heiligdom moet beskerm word (vgl Joh 2:13-17, Op 21:27)
 - Maar daar is hoop op lewe langs nuwe lewende weg (Mat 27:51, Heb 10:19-20)
3. Samevatting van die skeppingsverbond en verbond met Adam
 - a. Beide verbonde is ooreenkomste tussen die Here God en die mens
 - b. In beide gevalle rig die Here God die verbond soewerein op
 - c. In beide gevalle stel die Here God die bepalings van die verbond vas en dit handel oor lewe en dood
 - d. Tekens van die verbond: Skeppingsverbond – boom van kennis van goed en kwaad en boom van die lewe. Verbond met Adam – seilende slang wat stof eet
 - e. “God’s people in God’s place under God’s rule”
 - Skeppingsverbond: Adam en Eva (ganse mensdom), tuin van Eden, skeppingsopdragte
 - Verbond met Adam: Adam en Eva (veral nageslag van die vrou), buite die tuin van Eden, (meeste van die) skeppingsopdragte
 - f. Essensie van die skeppingsverbond: Die Here God se ideaal met die skepping en veral die mens se rol om dit te bereik
 - g. Essensie van die verbond met Adam: Sonde is ernstig. Mens kan nie sy rol vervul nie. Die Here God neem die verantwoordelikheid. Uit genade maak Hy ten minste deel van die mensdom medewerkers om steeds Sy ideaal te bereik